# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 202
20 Mei 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Soort soek soort**

Een van die '*woke'* (nuutste beskrywing vir polities korrek) wagwoorde van die tydgreep waarin ons tans worstel, is die woord 'diversiteit'. Hierdie diversiteit moet ten alle koste beskerm word. Dit sluit onder andere in dat die gelykheid van uitkomste bevorder word om te verseker dat alles wat 'goed' is eweredig onder alle groepe verdeel word. Die mense in beheer het met ander woorde in hul denke weg beweeg van gelykheid van geleentheid na 'n onverdiende gelykheid.
Dit maak nie saak watter werk of moeite enige persoon of groep doen nie, aan die einde van enige dag moet daar verteenwoordiging van alle groepe sigbaar wees. Die beskerming van minderhede het deel van die '*woke'*-brigade se kruistog geword. Dit is in die besonder die mens se geslagtelikheid wat as slagveld gesien word. Die beskerming van die regte van lede van die LGBTQIA-immer-groeiend (*lesbian, gay, bisexual, transgender, queer or questioning, intersex, and asexual or allied)* word fanaties beskerm. Daarmee saam is die tendens om die swart gemeenskap te sien as 'n minderheid teen wie daar selfs op institusionele vlak gediskrimineer was en is. Dit beteken volgens hierdie benadering dat hulle nou onregverdig bevoordeel moet word.

Op politieke, ekonomiese en sosiale vlak is hierdie ideologie gevaarlik (veral in 'n land waar die swart bevolking die oorweldigende meerderheid is) en in ons eie land met die beleid wat swart ekonomiese bemagtiging bevorder is die effek besig om vernietigend in te werk.
Dit is opvallend dat sekere groepe wat duidelike minderhede is, nie deel van die kroon-wild groep is nie. Enige groep wat in die verlede 'bevoordeel' was kan voorberei vir onregverdige behandeling. Getroude mense is een so 'n groep. Skei, saamwoon, enkel ouerskap en vele ander alternatiewe tot die heteroseksuele huwelik van 'n leeftyd saam word bevorder.
In die era van vreedsame naasbestaan is mense al hoe meer besig om in emosionele slagordes opgestel te word. Die gevolg van hierdie '*woke'*-aanslag is dat mense wat nie daarmee saamstem nie, begin laer trek. Hierdie gemeenskaplike "kanker-denke" het ook die kerke binnegedring. Sonder om te wil veralgemeen kan gestel word dat die mense wat die '*woke*-ideologie aanhang, liberaal is in hulle denke. Die behoudende (regdenkend – nie regs-denkend) gelowiges skram weg van hierdie ideologie wat onmin, onreg en verdeling saai.
Dit is teen hierdie ideologiese agtergrond dat bewegings soos die steedsHervormers en die *Kairos*-netwerk verstaan moet word. Die logiese optrede

van mense wat oortuig is dat hulle denke bedreig word, is om ondersteuning te soek en eie denke te beskerm. Dit gebeur nie oornag nie. Mense kom agter dat alles nie pluis is nie, kom agter wat aan die gang is en begin dan weerstand bied. Hierdie weerstand word met weerstand begroet. Verguising, vernedering, geringskatting van idees en besware asook ander intimidasie-tegnieke word gebruik om hulle tot stilswye te dwing. Soms werk dit, soms duidelik nie.
Die steedsHervormers het in eie situasie besluit nie die onderdrukking te verdra nie. Die *Kairos*-netwerk is in dieselfde proses van veg en vasstaan vir goeie Bybelse beginsels. Al is dit vanuit verskillende denominasies (NGK en NHKA) is dit dieselfde Reformatoriese denke wat die groepe gedryf het na ‘n punt van geen terugkeer. Die pad is onseker en dit verg moed en oortuiging om vas te hou aan die kosbare Evangelie, maar die stryd is half gewonne die oomblik wat gelowiges getrou bly aan die Waarheid. Ons lewe almal tastend in die onsekere donkerte van die toekoms. Dit is soveel meer die ervaring van diegene wat uit die gemaksone van gemaklike bekende tradisie moet tree om eie tradisie te red en behou.
Die steedsHervormers het vir die meerderheid van gevalle (sommige steeds ontheemde lidmate in ‘n kerk wat vir hulle vreemd geword het) ‘n tuiste gevind in die GHG. Die NGK lidmate en gemeentes is besig om via die *Kairos*-netwerk ‘n oplossing te bewerkstellig. Die uitnodiging wat aan die GHG gerig is om saam te kom soek, is verblydend en vanselfsprekend. Die Reformatoriese denke is die gemene-deler wat albei (en meer as net hierdie groepe) rig en versterk. Die vlakke van samewerking en ondersteuning is nog onseker. Dit is net duidelik dat ons saam meer gaan uitrig as afsonderlik. Die deure wat die GHG in sy stryd oopgemaak het, bly oop. Die kennis en voordele wat daaruit gespruit het, deel ons in vrede met almal wat daaruit voordeel kan put. Ons is op dieselfde pad en ons sal mekaar soek en vind.

## BERIGTE

### SUIKERBOSRAND

Bevestiging van ds. Pierre Britz in Suikerbosrand-gemeente, Heidelberg
Sondag 15 Mei 2022 om 10vm.
Nadat ds. Pierre Britz in 2019 te kenne gegee het dat hy graag ‘n predikant van die Geloofsbond wou word, was dit my voorreg om die verkennende gesprekke namens die Kuratorium met hom en sy vrou, Sunné(t) te voer.
En was ek aangenaam verras!
Wat my eerste opgeval het, was dat ds Pierre ‘n predikant is wat ‘n passie het om die Bybel te bestudeer om by die waarheid uit te kan kom. ‘n Skaars eienskap by talle predikante wat nog binne die NHKA sit, maar ook ‘n bevestiging dat die Teologiese Fakulteit in Pretoria steeds nie suksesvol is om voornemende predikante aan die waarheid van die Bybel te laat twyfel nie.
‘n Tweede aspek van ds. Pierre wat vir my bemoedigend was, is die feit dat hy finansieel selfstandig en onafhanklik is. Dit is in twee opsigte belangrik:
-Die normale gemeente van die toekoms sal nie meer in staat wees om ‘n predikant volledig te kan versorg nie,
-En ‘n predikant wat onwrikbaar die waarheid van die evangelie bly verkondig – ongeag of mense daarvan hou of nie – kan nie finansieel gemanipuleer word

deur mense vir wie die waarheid ongemaklik is nie.

'n Derde aspek van ds. Pierre wat baie gerusstellend is, is dat hy 'n vrou in die persoon van Sunné(t) het wat hom 100% in sy roeping ondersteun, en ook 'n toegewyde en liefdevolle lewensmaat is.

Sedert hy op 15 November 2019 eenparig deur die Kuratorium as predikant van die Geloofsbond geakkrediteer is, het hy in baie gemeentes gepreek, en was die terugvoer oor die inhoud van sy preke, baie positief. Daar is selfs individue wat van mening is dat ds. Pierre ook 'n sang-loopbaan met sy besondere sterk stem kan oorweeg.

Namens die Geloofsbond wens ons ds. Britz en sy gesin 'n geseënde bediening in Suikerbosrand gemeente toe, en ons vertrou dat sy Woordverkondiging altyd suiwer sal wees, dat dit almal wat na hom luister op die regte pad sal lei, en dat hy en Sunné(t) die genade mag ontvang om die gemeente in liefde en vrede saam te bind en te lei.

Tydens die huldeblyk by die begrafnis van die Skotse Hervormer, John Knox, is daar oor hom n.a.v. Matteus 10:26-28 getuig: "Hy was 'n man wat God meer gevrees het as mense." Dit is ook ons almal se wens vir jou.

Ds. Gawie Wolmarans
Potchefstroom-Die Wilge

## PERSVERKLARING

30 April 2022 - Namens Kairos Netwerk bestuur

**Historiese ontmoeting lei tot nuwe bedienings-geleenthede**

Die Kairos Netwerk wat Skrifgetroue gemeentes in die Ned Geref. Kerk verteenwoordig het die afgelope week 'n aantal baie historiese gesprekke met belangrike rolspelers in die Gereformeerde wêreld gevoer. Hierdie gesprekke was gevoer met die oog op moontlike skakeling en samewerking en hierdie vrugbare gesprekke is met verskeie kerkleiers soos die Gereformeerde Kerke, die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Akademie asook die organisasie Christen Regslui van Suid Afrika.

Hierdie gesprekke het dit duidelik gemaak dat daar nuwe bedieningsmoontlikhede en samewerking moontlik is in 'n tyd waarin die NG Kerk hul in vasgelooptheid bevind. Daar is veral gekyk na toekomstige teologiese opleidings-moontlikhede, asook gemeentelike versorging, veral op die platteland omdat samewerking meerdere bediening moontlik maak waar gemeentes soms sukkel om opgeleide predikante te kry.

Dit was bemoedigend om tydens hierdie gesprekke ook die onverwagse internasionale steun aan Kairos vanuit Gereformeerde geledere in Amerika en selfs Australië met hierdie verteenwoordigers te deel. Die steun wat verder uit plaaslike geledere gekom het sluit in die sogenaamde familiekerke van die Ned Geref. Kerk sowel as uit die burgerlike samelewing Daar is verder beplanning gedoen vir 'n familie-byeenkoms van Gereformeerde kerke wat plaasvind op 21 en 22 Julie by die Afriforum teater in Pretoria. Dolerende NG gemeentes sowel as ander kerke met 'n Gereformeerde belydenisgrondslag gaan tydens hierdie konferensie byeenkom om die uitdagings en geleenthede vir Skrifgetroue gemeentes te deel. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte maar ook 'n strewe is vir Christene met 'n gemeenskaplike Gereformeerde

Bybelsgefundeerde basis om al meer saam te werk. Anton Knoetze

**LIBERALISME BESTRY**

Die probleme met liberalisme is inderdaad nie beperk tot die treurige situasie in die NHKA nie. Die wydverspreide kanker word duidelik wanneer ons rondom ons kyk. Die volgende artikel het in die jeugtydskrif JUIG verskyn en word hier geplaas met die toestemming van die outeur.

**TEOLOGIESE FAKULTEITE KOERSVERANDERING**

**Transformasie by die NG kerk se teologiese fakulteite noodsaak koersverandering.**

Die NG Kerk se bestaande drie teologiese opleidingsfasiliteite by die Universiteite van die Vrystaat, Pretoria en Stellenbosch is vir ‘n geruime tyd al nie meer betroubare sentra vir gereformeerde en gebalanseerde teologiese opleiding nie. Studente kan nie meer aangemoedig word vir opleiding of heropleiding as predikante by enige van hierdie sentra nie.

Toenemende staatsinmenging en transformasie by die universiteite vereis dat die leerinhoud en metodiek moet verander. Die universiteite word beheer deur die Departement van Hoër Onderwys volgens die Wet op Hoër Onderwys en die beleid deur die Raad op Hoër Onderwys (CHE). Universiteite kan alleen bestaan en voortgaan met hulle aktiwiteite en onderrig vir sovêr hulle voldoen aan die bepalings van die Wet en die Beleid van CHE. Van hierdie bepalings is o.a. dat die kurrikulum (leerinhoud) gedekoloniseer en ge-Afrikaniseer moet word. Die dosente is almal werknemers van die Universiteit. Hulle moet dus die beleid van die Universiteit volg in hulle onderrig en leerstof. Vroeër jare het die kerke 'n beduidende inset gehad by die kurrikulums van die onderskeie teologiese fakulteite. Binne die Wet op Hoër Onderwys (LW 1997 en verder geamendeer) bepaal die Universiteit alleen nou die kurrikulum. Insette of inspraak deur kerke bring hulle "appetite for risk" in gedrang, wat dus kan meebring dat die staat die Universiteit se lisensie kan terugtrek (in gewone Afrikaans: die Universiteit maak toe). EN die universiteite word deur die staat in sy wetgewing bv. voorgeskryf om meer te fokus op diversiteit en gemeenskapsbetrokkenheid.

Wat teologiese opleiding betref, kom die transformasie die duidelikste na vore in ‘n promosievideo van die Universiteit van Pretoria wat op Youtube gelaai is op 18 Augustus 2021 (“UP’s curriculum transformation”). Daar sê prof Jerry Pillay die dekaan van die teologiese fakulteit die fakulteit probeer bewustelik om te beweeg van 'n gereformeerde belydenisfakulteit na 'n ekumeniese, met 'n verskeidenheid Christelike denominasies en tradisies (tans is daar meer as 33 verskillende denominasies). In dieselfde video word gedetailleerde veranderings uiteengesit.

**Op die Teologiese fakulteite se webwerwe**

**<u>Universiteit van Pretoria:</u>**

Hier volg nog inligting in aansluiting by wat reeds hierbo geskryf is oor UP. Op die teologiese fakulteit se webwerf staan dat die Nuwe Testament gelees moet word uit 'n queer, feministiese, liberaal-teologiese, post-koloniale, anti-imperiale en Afrika-perspektief. Nog inligting vanaf die webblad :

- Lees die gelykenisse as simbole van sosiale transformasie om 'n post-moderne etiek te vestig op grond van die waardes in die gelykenisse van die historiese Jesus;
- Bestudeer antieke identiteite en identiteitsvorming, waar die fokus is op sowel identiteit as interseksionele identiteitsvorming, met 'n spesiale klem op geslag, godsdienstige identiteit, nasionaliteit en die stratifikasie van antieke samelewings (d.w.s klas- en beroep-gebaseerde identiteite);
- Genesing in die Nuwe Testament: Om Afrika-modelle te ondersoek wat help om idees oor gesondheid en genesing in die Nuwe Testament te ondersoek, en
- Seksualiteit in die Nuwe Testament - Interpretasie van die tekste in die Nuwe Testament wat verwys na seksualiteit en homoseksualiteit.

**<u>Universiteit van Stellenbosch:</u>**

In die dekaan prof Reggie Nel se verwelkomingsboodskap skemer die voorgenome veranderings soos by UP ook deur. Hy skryf: "In hierdie jaar wil ons egter ook wyer, eerlike, maar deernisvolle gesprekke open. Ons doen dit as 'n gemeenskap in Afrika wat trots is op ons wortels…. Ons bly toegewyd en dra wêreldwyd by tot wetenskaplike navorsing en praktyk. Ons streef ook daarna om ons wye verskeidenheid studente voortdurend uit verskillende kontekste te bemagtig in terme van ras, geslag, ouderdom, denominasie en godsdiens, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese status, ensovoorts.

**<u>Universiteit van die Vrystaat:</u>**

Prof Rantoa Letšosa die dekaan van die Fakulteit Teologie en Godsdiens (LW: dit is nie net meer fakulteite van teologie nie) sê "die fakulteit bevind hom tans in 'n baie opwindende fase van sy bestaan". Hulle koester die volgende strategiese waardes: 'n klassieke teologiese oriëntasie, rasse-, geslags- en kulturele inklusiwiteit, akademiese en intellektuele uitnemendheid en innovasie, geestelike en etiese integriteit, gemeenskaplikheid en gasvryheid. Navorsingsprojekte kan gedoen word in enige van die volgende dissiplines: Ou Testament, Nuwe Testament, Sistematiese Teologie en Etiek, Praktiese Teologie, Kerkgeskiedenis en Polisie, Missiologie, Religiestudies, Jonathan Edwards Studies, Bybelse spiritualiteit, spiritualiteit en Bybelvertaling. Wat gemeenskapsdiens betref, poog die fakulteit om geleerdheid met gemeenskapsdiens in die ware sin van die woord te kombineer.

Op die oog af lyk dit of die Vrystaatse teologiese fakulteit nie so ver afgedwaal het van gereformeerde en gebalanseerde teologiese opleiding soos die ander twee nie.

**Getuienis van 'n Engelssprekende student**

"Ek het aan die begin van 2017 na die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch gegaan met die hoop om nader aan Christus en Sy Woord te kom en toegerus te wees vir die bediening van die Evangelie, ja, selfs om hierdie Evangelie aan die eindes van die wêreld te neem. Dit gebeur egter nie deur die teologiese fakulteit (die Nederduitse Gereformeerde Kweekskool) nie, maar eerder deur my bywoning van ons plaaslike kerk, daaglikse tyd in God se Woord en die heiligende krag van die Heilige Gees", skryf hy in 'n brief.(*voetnota aan tydskrif:

die brief is in my besit en ek het toestemming om dit anoniem te gebruik) . Hy skryf dat baie van hulle professore die plaasvervangende versoening, Bybelse onfeilbaarheid en die waarheid van die opstanding van Christus ontken. Volgens hom is daar geen twyfel dat die Kweekskool aan die Universiteit Stellenbosch deur en deur liberaal is nie: hulle leer 'n "godsdiens" wat vreemd is vir die historiese Christendom en die Christendom van die vroeë kerk, die Hervormers, die Puriteine en die Nederlandse belydenisskrifte .Daar word ook gesê dat Jesus nie in die Ou Testament is nie! Dit trek dus 'n streep deur wat daar staan in Lukas 24:27: "En hy (Jesus) het begin met Moses en al die profete en in al die Skrifte die dinge aangaande hom uitgelê."

Die student skryf ook van 'n vroueteoloog wat 'n voorstander is van 'n geslags-queer-lees van die Ou Testament. Hy vertel dat hulle voortdurend met haar gedebatteer het oor die ware betekenis van die teks en hoe sy haar idees oor transgenderisme en queer-teologie in die teks inlees. 'n Ander professor glo dat 'n mens 'n Christen kan wees en steeds Afrika -geeste en voorouers kan aanbid en ontken die enigste bemiddelaarskap van Christus. Daar was ook 'n dosent wat tot God as 'moeder' gebid het en studente aangemoedig het om op te hou om teologie te lees en eerder liberale filosowe soos Charles Taylor te lees. Universalisme is ook voorgehou, soos die universele vaderskap van God en die universele broederskap van die mens. Dit is 'n klassieke geloof in die liberale godsdiens - dat ons almal kinders van God is en dat alle godsdienste na dieselfde bestemming lei.

In sy slotparagrawe spreek hy die wens uit dat dit wat hy skryf, ons sal oortuig om nie ons kinders te stuur na Stellenbosch se giftige lering nie, maar eerder na 'n plek waar die oppergesag en verheerliking van ons Here en Verlosser Jesus Christus verkondig word. Hy pleit dat ons verenig sal word deur die groot en heerlike leerstellings van die Skrif, geloof, skepping, erfsonde, verlossing in Christus, en die gemeenskap van die heiliges waar die Woord verkondig word, die sakramente toegepas, en kerklike tug beoefen word.

*Voetnota aan tydskrif: die brief is in my besit en ek het toestemming om dit anoniem te gebruik) .

**Samevatting:**

Daar moet dringend gekyk moet word na waar suiwer gereformeerde en gebalanseerde opleiding vir teologiese studente en vir voortgesette opleiding van leraars aangebied word.

Ons dank aan die outeur:

**Dr Henrietta Klaasing** (afgetrede onderwyskundige en medeskrywer van die boek "Die Trojaanse Perd in die NG kerk - die kanker van evolusie en liberalisme").

## KENNISGEWINGS

### VOLKSHULP 2000 BEURSFONDS

Volkshulp 2000 se beursfonds vir **hoërskool**-kinders: Aansoeke kan ingedien word op die voorgeskrewe vorm deur epos te stuur aan bestuur@volkshulp.org.za.

(Sluitingsdatum - 31 Mei 2022)

Indien u van enige gesinne in u gemeente weet wat weens finansiële druk nie in staat is om skoolfonds vir hoërskool-kinders te kan bybring nie kan u gerus hierdie besonderhede aan hulle deurgee.

| **KOERSVAS 2023** | **DRUKWERK** |
| --- | --- |
| Predikante word daaraan herinner dat hulle dagstukkies vir die 2023 uitgawe van Lewensbrood teen 15 Junie 2022 ingestuur moet word. By voorbaat dank vir u toegewyde werk en uitstekende oordenkings. | Paul en Ella help graag met:<br>Kalenders<br>Kwitansieboeke<br>Offergawe boeke<br>Dames Kwitansieboeke<br>Konsistorie boeke<br>Reklame plakkate en ander drukwerk<br>ella@teamworkprinters.com |

